



Vakkeuse Voorligting- Graad 9 leerders

Geagte ouers

Graad 9-leerders beskik nie noodwendig oor die nodige selfkennis, of die kennis van die wêreld van werk, wat nodig is om 'n ingeligte besluit oor vakkeuses vir Graad 10 te neem nie. Die gevolg is dat leerders vakke kies wat nie ooreenstem met hul aanlegte, belangstellings en beroepsoriëntasie nie en daarom hul toekomsdoelwitte ernstig kan beperk. Vakkeuse Voorligting stel leerders in staat om ingeligte besluite deur middel van psigometriese assesserings te maak. Vakkeuse-assessering is 'n holistiese proses; dit oorweeg 'n leerder se huidige skoolastiese vermoë, akademiese, tegniese en-handels aanleg, beroepsoriëntasie, belangstellings en naratief. Wanneer al hierdie aspekte gekombineer word, sal u en u seun in staat wees om 'n ingeligte besluit te kan neem. Siende die korrekte vakkeuse 'n baie belangrike rol speel in toekomsukses, wil ons u graag die geleentheid bied om u seun by Paul Roos te laat assesseer. *Let asseblief dat hierdie assessering nie verpligtend is vir enige leerder nie.*

Proses van Vakkeuse-assessering van Graad 9's by PRG:

'n Registrasievorm is aangeheg, maar kan ook op die Paul Roos Gimnasium webtuiste gevind word.

'n Innamevorm moet van die webtuiste afgetrek word en verkieslik per e-pos aan Mev Barnes gestuur word voor die assesserings afgelê word.

'n Psigometriese assessering van ongeveer 5-6 ure wat in groepsverband aangebied word by die skool op **29 Junie** (eerste geleentheid) of **15 Augustus** (tweede geleentheid) sluit die volgende in:

- Aanlegtoets (DAT-S, Gevorderde Akademiese Vorm)
- Belangstellingsvraelys (MB-10)
- Beroepsoriëntasie (Career Mentor)
- Narratiewe Vraelys

'n Individuele terugvoersessie van ongeveer 60 minute sal met elke betrokke leerder en sy ouers by die skool geskied. Daar sal voorsiening gemaak word vir ouers wat nie by die werk kan wegkom nie of ver woon. **Alle besprekings vir die terugvoersessie sal op die dag van die assessering deur die leerders gemaak word. Bespreek dus beskikbare opsies voor die tyd met u seun.**

'n Volledige verslag van die psigometriese resultate asook die besprekings en aanbevelings sal vir elke betrokke leerder gemaak word.

Koste:

Die koste per leerder vir die Vakkeuse Voorligting, wat die psigometriese assessering, terugvoersessie en volledige verslag insluit, beloop R850.00. Die fooi is betaalbaar voor of op die sluitingsdag vir registrasie op 26 Junie (vir die assessering op 29 Junie) of op 11 Augustus (vir die assessering op 15 Augustus).

Bankbesonderhede: M. Barnes

Bank: FNB

Rekeningnommer: 6205 9896 799

Takkode: 250655

Rekening: Tjekrekening

Verwysing: Leerder naam en van

Stuur asseblief bewys van betaling na: mbarnes@paulroos.co.za

Registrasie:

Alle nodige dokumentasie vir registrasie is beskikbaar op Paul Roos se webtuiste. Daar word versoek dat elke ouer 'n registrasievorm, en innamevorm voltooi en voor of op 26 Junie (vir die assessering van 29 Junie) of 11 Augustus (vir die assessering van 15 Augustus 2017), per e-pos aan mbarnes@paulroos.co.za of indien nie moontlik nie kan dit by Kamer 14 ingehandig word.

Al die bogenoemde inligting, asook die nodige dokumentasie, sal op Paul Roos se webtuiste beskikbaar wees. Kontak my gerus indien u enige verdere navrae het. Ek sien uit daarna om u seun te help met die regte vakkeuse vir sy toekoms!

Vriendelike Groete

Monique Barnes

Voorligting Sielkundige

Praktyk nr: 0615250

083 410 7609 * mbarnes@paulroos.co.za